




Uittreksel van Voordelebeleid: Voordele vir Tydelike Werknemers met Aanstelling van Langer as Drie Maande

(Woordomsrywings vir uitdrukings wat in die teks gekursiveer is, word aan die einde van die dokument verskaf.)

Verwysingsnommer van hierdie dokument	TP0426
HEMIS-klassifikasie	
Doel	Om die jongste voordele vir tydelike werknemers met aanstellings van langer as drie maande aan te dui
Tipe dokument	Beleidsuitvoering
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	2015
Hersieningsdatum/-frekwensie	Na gelang van noodsaaklike aanpassings
Vorige hersienings	Geen
Eienaar van hierdie beleid	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid	Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne
Goedkeuringsdatum	15 Maart 2015
Goedgekeur deur	Rektor se Bestuurspan (RBS)
Sleutelwoorde	voordele, beroepsgesondheid, verlof



Die kern van die uittreksel

Die konteks van hierdie dokument is die Universiteit Stellenbosch (US) se Voordelebeleid soos deur die US Raad goedgekeur. Dit sit die besonderhede uiteen van die voordele wat beskikbaar is vir tydelike US-werknemers wat vir langer as drie maande aangestel is.

1. Voordele by beëindiging van diens

'n Skeidingspakket wat soos volg bereken word, is betaalbaar: een week se vergoeding vir elke volledige jaar aaneenlopend werksaam by die US. Slegs jare wat vanaf 1 Januarie 2014 voltooi is, word in ag geneem.

2. Beroepsgesondheid

- 2.1 Lidmaatskap is vir alle werknemers met 'n kontrak van een jaar of langer beskikbaar.
- 2.2 Die bydraes tot die fonds vorm deel van deelnemende werknemers se totale *KVI*.
- 2.3 **Let wel:** Die voordeel verval op die datum van uitdienstreding.

3. Verlof

3.1. Jaarlikse verlof


Werknemers is geregtig op 'n aantal werkdade verlof per jaar wat volgens die betrokke posvlak bereken word. Posvlak 1 tot 8 is geregtig op 30 werkdade per jaar, posvlak 9 tot 11 op 25 werkdade per jaar en posvlak 12 tot 19 op 20 werkdade per jaar, onderhewig aan die volgende bepalings:

- 3.1.1 Die verlofkrediet in 'n bepaalde verlofsiklus groei proporsioneel met verloop van tyd tot aan die einde van die siklus, onderhewig aan die vasgestelde maksimum.
- 3.1.2 Jaarlikse verlof moet binne 12 maande na die einde van die betrokke verlofjaar geneem word; daarna verval die onopgeëiste verlof.
- 3.1.3 Voltydse werknemers kan jaarlikse verlof in eenhede van volle of halwe werkdade neem.
- 3.1.4 Onopgeëiste jaarlikse verlof word by diensbeëindiging uitbetaal.


3.2 Kraamverlof

3.2.1 Vrouewerknemers is geregtig op vier maande kraamverlof teen volle *KVI* – ook as 'n kind van jonger as ses maande aangeneem word – onderhewig aan die volgende bepalings:

- 3.2.1.a Elke werknemer is in die omstandighede soos in 3.2.1 omskryf op hoogstens nege maande verlof teen volle *KVI* geregtig vir al haar kraamgevalle tesaam. Verdere kraamverlof sal streng volgens wetlike vereistes toegestaan word.



- 3.2.1.b Hierdie kraamverlofvoordeel is onderhewig daaraan dat die werknemer vir 'n aaneenlopende tydperk van 12 maande nadat haar kraamverloftyd verstryk het, in die Universiteit se diens moet aanbly. Indien die werknemer se diens eindig (om welke rede ook al) voordat die 12 maande verstryk het, moet sy die volle kraamverlofvoordeel wat sy ontvang het (of sodanige proporsionele gedeelte wat van die 12-maande-tydperk oorbly), op die datum van diensbeëindiging aan die Universiteit terugbetaal. In geval van versuim sal die Universiteit daarop geregtig wees om die verskuldigde terugbetaling van die werknemer te verhaal.
- 3.2.1.c Wat die bepalings van 3.2.1.b betref, het werknemers ook die keuse om kraamverlof as *onbetaalde verlof* te neem en eerder die kraamverlofvoordeel van die Werkloosheidsversekeringsfonds te benut.
- 3.2.1.d Die US kan, ter wille van die goeie gang van sake en na oorlegpleging met die betrokke werknemer, vereis dat kraamverlof eers een maand voor die verwagte datum van die bevalling 'n aanvang mag neem.
- 3.2.2 Geen werknemer mag binne ses weke nadat haar kind gebore is weer begin werk nie, tensy 'n geneesheer sertifiseer dat sy in staat is om haar werksverpligtings gouer te hervat. Indien haar eggenoot of permanente saamleefmaat ook in die US se diens is, mag dié persoon die oorblywende gedeelte van die beskikbare kraamverlof neem, onderhewig aan dieselfde voorwaardes soos in 3.2.1 gestel.
- 3.2.3 Wat betref die tydperk waarvoor 'n werknemer verkies om nie haar werksverpligtings te hervat nie nadat haar kraamverlof verstryk het, kan sy op aanbeveling van haar departements- of afdelingshoof die volgende keuse gebied word:
- 3.2.3.a om haar beskikbare jaarlikse verlof te neem; of
- 3.2.3.b om *onbetaalde verlof* te neem.
- 3.2.4 Kennisgewing van kraamverlof moet vergesel word van 'n bewys van swangerskap wat deur 'n geneesheer uitgereik is en die verwagte bevallingsdatum aandui. Werknemers moet minstens vier weke voor die aanvang van kraamverlof, of so gou dit redelikerwys moontlik is, kennis daarvan gee.
- 3.2.5 Werknemers wat gedurende die laaste drie maande van swangerskap 'n miskraam het of 'n stilgebore kind baar, is geregtig op kraamverlof vir tot ses weke na die miskraam of stilgeboorte, ongeag of die betrokke persoon reeds tydens die gebeurtenis met kraamverlof was.
- 3.3 Studiegeleenthede
- 3.3.1 Studiegeleenthede kan toegestaan word vir hoogstens 24 werkdade per jaar, wat aaneenlopend of onderbroke geneem mag word – onderhewig aan die volgende bepalings:



- 3.3.1.a Werknemers mag inskryf slegs vir kursusse waaruit die US reken die instelling sou kon voordeel trek.
- 3.3.1.b Twee dae kan per eksamen geleentheid vergun word.
- 3.3.1.c Wanneer 'n studie geleentheid toegestaan word, moet daar oor die volgende ooreengekom word:
 - Wat sal as bevredigende vordering beskou word?
 - Indien die werknemer nie bevredigend vorder nie, sal die studie geleentheid by die betrokke werknemer se jaarlikse verlof afgetrek word.
- 3.3.1.d Bepalings wat betref studie geleenthede wat onderbroke geneem word:
 - Die tydsduur vir bywoning van lesings, tutoriale en praktika van die US sal bereken word volgens die aaneenlopende voorgeskrewe tyd in die klas of laboratorium (pouses tussen periodes ingesluit) plus 20 minute.
 - Indien werknemers klasse bywoon by 'n ander plek as op die kampus waar hulle werk, sal die volle reistyd ook ingesluit word by die werksure wat by hulle jaarlikse verlof afgetrek word.
 - Werknemers mag altesaam hoogstens drie lesings per week gedurende werktyd bygewoon.

3.4 Menslikheidsverlof

3.4.1 Menslikheidsverlof met volle betaling kan toegestaan word vir:

3.4.1.a drie werkdade per jaar; en

3.4.1.b 'n verdere 14 werkdade in elke driejaarsiklus.

Altesaam 23 werkdade menslikheidsverlof is dus in 'n siklus van drie jaar beskikbaar.

3.4.2 Werknemers kan nie menslikheidsverlof ophoop nie.

3.4.3 Menslikheidsverlof vir 'n gedeelte van 'n dag of vir een of meer volle dae kan in die volgende gevalle toegestaan word:

3.4.3.a wanneer 'n werknemer se kind gebore word;

3.4.3.b wanneer 'n werknemer se kind siek is;


3.4.3.c wanneer 'n werknemer se gade ernstig siek is; en

3.4.3.d wanneer 'n werknemer se gade, ouer, skoonouer, aannemende ouer, grootouer, kind, kleinkind, broer of suster, of lid van sy of haar uitgebreide familie sterf.

3.4.4 Die US kan redelike bewys van 'n gebeurtenis vereis voordat menslikheidsverlof toegestaan word.


3.5 Verlof tot afwesigheid

3.5.1 Werknemers kan verlof tot afwesigheid van hoogstens 15 werkdade per



geleentheid ontvang om vergaderings, kongresse of ander byeenkomste by te woon, mits dit in belang van die US geag word.

- 3.5.2 Verlof kan ook verleen word vir langer tydperke of vir sekere bedrywighede wat nie vir verlof tot afwesigheid in aanmerking kom nie, mits die aantal dae waarmee die verloftydperk oorskry word, by die werknemer se jaarlikse verlof afgetrek word.
 - 3.5.3 Om te verhuis word een werkdag per geleentheid toegestaan.
 - 3.5.4 Om hofverrigtinge by te woon waarin die betrokke US-werknemer gedagvaar is om as getuie op te tree, word die werklike aantal dae dat die persoon in die hof benodig word (’n afskrif van die dagvaarding moet as bewys voorgelê word) toegestaan.
- 3.6 Onbetaalde verlof
- 3.6.1 Die US kan in spesiale gevalle, op voorwaardes soos deur die Universiteit bepaal, *onbetaalde verlof* aan werknemers toestaan, waarvoor hulle dan 25% van hulle *KVI* sal ontvang.
 - 3.6.2 Werknemers verdien geen jaarlikse verlof gedurende ’n tydperk van *onbetaalde verlof* nie.
 - 3.6.3 Werknemers moet eers al hulle jaarlikse verlof opgebruik voordat hulle vir *onbetaalde verlof* in aanmerking kan kom. Personeellede wat hierdie voordeel benut, moet agterna ’n kwart van die betrokke verloftydperk in die US se diens aanbly.
- 3.7 Teenwoordigheid by die werkplek
- 3.7.1 Werknemers wat nie met verlof of vir ’n studiegeleentheid afwesig is nie, moet op werkdae op ’n Universiteitsperseel en by die werkplek wat aan hulle toegewys is, aanwesig wees.
 - 3.7.2 Indien werknemers hulle take elders as by hulle normale werkplek moet verrig, moet hulle vooraf voldoende reëlings met hulle omgewingshoof of dekaan of dié se gedelegeerde tref oor waar hulle hulle sal bevind.
 - 3.7.3 Omgewingshoofde of dekane kan aan werknemers goedkeuring verleen om amptelik erkende vergaderings of byeenkomste in die nabye omgewing van hulle kampus by te woon, mits:
 - 3.7.3.a die betrokke bedrywigheid werkverwant is; en
 - 3.7.3.b die betrokke hoof weet waar die werknemers hulle sal bevind.
- 3.8 Siekverlof
- 3.8.1 Werknemers wat ’n mediese sertifikaat of sertifikate kan voorlê wat vir die US aanneemlik is, is geregtig op hoogstens agt maande (aaneenlopend óf afsonderlike tydperke van altesaam agt maande) siekverlof gedurende elke agtereenvolgende dienstydperk van drie jaar. Vir die eerste vier maande ontvang sodanige werknemers hulle volle betaling; daarna kry hulle die helfte van hulle persoonlike *KVI*.
 - 3.8.2 Siekverlof kan nie opgehoop word nie.



- 3.8.3 Siekverlof word op kalenderdae bereken, nie werkdag nie. Indien siekverlof vanaf 'n Vrydag tot 'n Maandag geneem word, beloop dit dus vier verlofdae.
- 3.8.4 Aansoeke om siekverlof vir langer as twee kalenderdae moet vergesel word van 'n aanvaarbare mediese sertifikaat wat die aard van die ongesteldheid duidelik uiteensit.

4. Woordomsrywings

Tensy uit die sinsverband anders blyk, dra die volgende uitdrukkings die betekenis soos hier onder aangedui.

4.1 Gade

- 4.1.1 'n persoon wat as regtens getroud erken word, of
- 4.1.2 'n persoon wat al meer as ses maande met 'n ander persoon saamwoon en beoog om permanent so te bly saamwoon en wat redelikerwys, volgens die feite van die betrokke geval, as 'n deelgenoot in 'n permanente saamwoonverhouding aanvaar kan word

4.2 Koste van indiensname (KVI)

Die totale KVI vir die werkgewer, met inbegrip van alle kontantvergoeding, voordele en bydraes tot bystandfondse; verpligte statutêre werkgewerbydraes en verlof word nie by die KVI ingesluit nie

4.3 Onbetaalde verlof

- 4.3.1 in die geval van kraamverlof: geen inkomste vanaf die US nie
- 4.3.2 in alle ander situasies: 25% van die werknemer se KVI

5. Ondersteunende dokumente

Itemnommer	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)</i>
	Geen	

6. Verbandhoudende dokumente

Itemnommer	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)</i>
DV0406	Voordelebeleid	Goedgekeur

Handtekening:.....

Datum:.....